

6 Januarie

Skrifgedeelte: Lukas 2:21-39
Fokusgedeelte: Lukas 2:34,35

Die koms van Christus lei tot skeiding en oordeel

Toe Jesus Christus in Betlehem gebore is, was die geestelike peil van die Joodse volk bedenklik laag. En tog was daar tóé ook heilige en opregte mense wat die Here met oorgawe gedien het en met groot verlange uitgesien het na die koms van die Messias. Een van hierdie getroues was Simeon wat van die Heilige Gees die openbaring ontvang het dat hy nie sou sterwe voordat hy die Gesalfde van die Here gesien het nie.

Drie-en-dertig dae ná Jesus se besnydenis gaan Josef en Maria met Hom na die tempel om die voorgeskrewe handeling in verband met die lossing van die eersgeborene en die reiniging van die moeder na te kom. En daar aanskou die eerbiedige Simeon dan “die son van redding” wat “skyn met genesing in sy strale” (Mal 4:2). Hy neem die Kindjie uit Maria se arms en profeteer oor die verlossing wat God deur Christus sal berei. Plegtig verklaar hy in verse 34,35 dat die Kindjie bestem is tot ‘n **val en opstanding** van baie in Israel.

Die boodskap is duidelik. ‘n Neutrale posisie ten opsigte van Maria se Seun is nie moontlik nie. In die persoon van Jesus Christus gaan die paaie van lewe en dood radikaal uitmekaar. Van elke mens word ‘n keuse gevra. Jy is of vír Hom of jy is téén Hom, maar niemand kan van Hom af wegstap asof niks gebeur het nie! Wie Hom in die geloof omhels, ervaar die wonder van skuldvergifnis; maar wie Hom in ongeloof verwerp, bly vir ewig onder God se oordeel.

Niks in jou lewe is belangriker as om betyds deur ‘n ware geloof vir Jesus Christus “ja” te sê nie. Kan mense aan jou optrede sien en hoor dat jy in Hom glo en volle verlossing van Hom alléén verwag? Dan staan die poorte van die hemelse koninkryk vir jou wyd oop!

Sing: Skrifberyming 3:1,2

Ds JJ Cloete (Koster)